

Kategeet werkblad: 22 Augustus 2010

Teksgedeelte:

Jesaja 1:1-31

Agtergrond:

Jesaja 1 gaan oor 'n familie hofsaak. Ten spyte van Juda se godsdienstigheid is hulle nie genadig nie. Die onreg wat hulle doen, is soos om bloed te vergiet. Die gedeelte moedig hulle aan om nie hulle rug op God te draai nie, omdat Hy nie sy rug op hulle draai nie.

Verwagte uitkoms:

Dat kerkisante sal beseef dat ons deel is van God se "Familie-besigheid" en nie kliënte is nie. Ons is deel van die personeel. Dit beteken dat ons genade uitdeel soos God aan ons genade gegee het. Om kliënt te wees beteken dat jy net belangstel om te kry en nie uit te deel nie. Hierdie les word ook aan die doop gekoppel, met God wat aan ons genade gegee het, wat ons nie kan verdien nie.

Aksie:

Tydens die erediens of voor die kerkisante verdeel word die volgende eksperiment gedoen:

- Neem 'n deurskynende glashouer met Jodium in.
- Gooi Natriumhidroksied (NaOH) (Seepsoda) by.
- Roer die mengsel en sien hoe dit verhelder.
- Gooi weer Jodium by en roer.
- Sien hoe die mengsel steeds bly verhelder.

Reviewing:

Onthou met die reviewing vrae dat al die klasse nie noodwendig by al die vrae kan/gaan uitkom nie. Die jonger grade gaan moontlik net die Diamante en Harte bespreek. Onthou dat die aksie en vrae die boodskap van die erediens ondersteun en daarom kan daar weer hersiening gedoen word van wat tydens die erediens gebeur het. Die vrae word gegee as 'n riglyn om by bg. Verwagte uitkoms uit te kom. Jy kan ook jou eie vrae gebruik. Gedeeltes in (hakkies) dui voorbeeld antwoorde aan, dit is in volwasse taal geskryf en kan nie net so aan kinders oorgedra word nie – jy moet dit jou eie maak!

Diamant vrae:

- Wat is die simboliek van water tydens die doop? (Water was ons skoon, so is dit 'n simbool van God wat kom skoon was en ons insluit by Sy genade. Dit is nie iets wat ons kan verdien nie.)
- Wat het gebeur met die Vuilvloeistof toe die Skoonvloeistof daarby gegooi is?

- Wat het gebeur toe daar nog van die Vuilvloeistof by die skoon mengsel gegooi is?

Hart vrae:

- Wat beteken jou doop?
- Hoe laat dit jou voel om te weet dat jy deur God skoongemaak is en dat niks jou weer kan vuil maak of van Hom af wegneem nie?

Skoppens vrae:

- Hoe het dít waarmee Juda besig was, nie God se genade gewys nie?
- Hoe dink julle het Juda gevoel toe hulle agterkom dat hulle harde pogings (hulle “godsdiens-tigheid”) nie goed genoeg was nie?
- Wat beteken dit vir ons verhoudings dat God ons skoon gemaak het? (Ons word soos die skoon vloeistof wat alles om ons helder maak en daarom behoort ons nie aangetas te word deur “dinge” wat ons wil vuilmaak nie. Dit beteken nie dat ons nie weer foute sal maak nie, maar dat ons God se genade in die situasies sal indra en vir onself ook genade sal hê.)

Klawers vraag:

- Het ons die doop nodig om ingesluit te wees by God se genade? (Nee, die doop is net ’n teken van wat God reeds kom doen het. Ons word by God se genade ingesluit ongeag of ons gedoop is of nie.)